




Een Man Kan 'n voorbeeld stel

Dominees, rabbi's, imams, priesters en ander
godsdiensteleiders



**AKSIEBLAD:
INTERDENOMINAAL**

‘n Mishandelde vrou vertel haar dominee dat sy besluit het om haar gewelddadige maat te los. Hy moedig haar aan deur te sê dat God nie wil hê dat sy in ‘n situasie moet bly waar haar lewe en die lewens van haar kinders in gevaar is nie.

Op ‘n tussengeloofsvergadering ontwikkel Moslem, Joodse, Hindoe en Christelike godsdiensteleiers uit talle dele van die Wes-Kaap ‘n beleid en versterk hulle hul vasberadenheid om geweld teen vroue te keer.

Na ‘n huishoudelike gewelddadige moord in die buurt belê ‘n rabbi ‘n vergadering in die sinagoge om te praat oor wat die gemeenskap daaraan gaan doen

Godsdiensteleiers moet mans aanmoedig om standpunt in te neem teen huishoudelike en seksuele geweld.

Talle Suid-Afrikaners is aktiewe lede van godsdienste-, geestelike of geloofsgegronde groepe en nader dikwels godsdiensteleiers vir leiding oor hoe om geweld te hanteer. Godsdiensteorganisasies speel ‘n belangrike rol in die opbou van die gemeenskap se houdings en is in ‘n unieke posisie om pogings aan te voer om geweld teen vroue te beëindig.


Godsdiensteorganisasies kan groot getalle mense bereik wat dikwels nie gedien word deur ander groepe nie met boodskappe van veiligheid en steun vir slagoffers en inligting oor die aanspreeklikheid van die oortreder.

Deur opleiding daar te stel vir en deur lede van godsdienste gemeenskappe en deur die vermoë op te bou om die kwessie te hanteer, sal die rol van godsdienste gemeenskappe versterk word in die beëindiging van geweld teen vroue en meisies.

Hier is voorbeelde van spesifieke stappe wat godsdienste-, geestelike en godsdienstegegronde leiers kan doen om geweld teen vroue te beëindig.

Godsdiensteleiers kan mans aanmoedig om meer aktief te wees in die beëindiging van geweld teen vroue en kinders.

- **Wees positiewe rolmodelle.** Godsdienstegebaseerde leiers het spesiale posisies van invloed. Gemeentelede en die breër gemeenskap sien op na hulle vir modelle van mans wat ander met respek behandel, probleme nie-gewelddadig oplos en deelneem aan die stryd om gemeenskappe meer inklusief en regverdig te maak.
- **Lei met hulle voorbeeld.** Godsdiensteleiers kan aanbied om te dien op die raad van direkteure van die plaaslike seksuele aanranding- of huishoudelike geweldsprogram of opleiding ondergaan om krisistruurwilligers te word.
- **Moedig mans aan om hulle daarteen uit te spreek** en gebruik hulle invloed om geweld teen vroue en meisies in al sy vorms te beëindig. Steun mans om ‘n mansbesprekingsgroep te stig of hulle aan te sluit by bestaande groepe.
- **Maak die aanbiddingsplek ‘n veilige plek** vir slagoffers van geweld teen vroue. Stal materiaal en verwysingsnommers vir oorlewendes uit. Maak seker dat die omgewing oorlewendes van geweld toelaat om hulle ondervindings te bespreek en genesing te soek.
- **Gryp in.** As jy vermoed dat geweld voorkom in ‘n verhouding of in ‘n gesin, praat afsonderlik met elke persoon. Verwys na die seksie hier onder oor gesprekke met oorlewendes en oortreders.
- **Steun die slagoffers.** Stig steungroepe vir vroue wat geloofs- of geestelik gegronde genesing vra. Steun die slagoffers se voortgesette insluiting in die gemeenskap van haar keuse as die geweldspleger uit dieselfde gemeenskap kom.





- **Voed die gemeente op.** Koördineer 'n gesamentlike diens vir jou godsdiensgemeenskap oor seksuele en huishoudelike geweld op 'n bepaalde dag in die 16 Dae van Aktiwismevelddag. Sluit gereeld aanwysingsmateriaal in in maandelikse nuusbriewe, op kennisgewingborde en in voorhuweliks- en huweliksklasse, en borg opvoedingsseminare oor geweld teen vroue. Lig die gemeente in oor die beleid wat reaksies uitspel teenoor slagoffers en plegers van geweld.
- **Gebruik die kansel.** 'n Geloofsleier kan 'n kragtige uitwerking hê op mense se houdings en gelowe, en haar of sy leierskap is belangrik. Onderneem om die probleem van geweld teen vroue en meisies 'n kritieke punt van kommer te maak. Beklemtoon die leringe, praktyke en organisasiestrukture wat 'n vrou se reg bevorder om vry te wees van geweld, soos die leringe wat gelykheid en respek vir vroue en meisies steun.
- **Bied 'n plek aan vir vergaderings.** Bied die plek wat jy het aan vir opvoedingsseminare en weeklikse steungroepe. Dit kan ook dien as 'n besoekplek waar toesig is as ouers 'n plek nodig het om hulle kinders te besoek. Bied die gebruik aan van plekke vir manlike betrokkeheidspogings – kamers vir vergaderings, mure vir muurskilderye, ens.
- **Vorm vennootskappe met bestaande bronne.** Neem 'n plaaslike aanrandings- of huishoudelike geweldsprogram of -skuiing aan waarvoor die instelling geldelike of ander steun bied en verskaf soortgelyke steun vir gesinne terwyl hulle hul lewens weer opbou na mishandeling.
- **Word 'n bron.** Doen die teologiese en skriftuurlike huiswerk wat nodig is om seksuele aanranding en huishoudelike geweld beter te verstaan en daarop te reageer. Deel die inligting en moedig ander aan om dieselfde te doen.
- **Steun professionele opleiding.** Moedig opleiding en onderrig aan vir godsdiensteleiers, lekeleiers, godsdiensonderwysers en kweekskoolstudente om hulle bewustheid te verhoog van seksuele aanranding en huishoudelike geweld.
- **Spreek interne kwessies aan.** Moedig voortgesette pogings aan deur godsdienstinstellings om bewerings van mishandeling deur godsdiensteleiers te ondersoek om te verseker dat godsdiensteleiers 'n veilige bron is vir slagoffers en hulle kinders.

Deels aangepas uit die Nebraska Huishoudelike Geweld- en Seksuele Aanrandingskoalisie en GeloofsTrustinstituut et toestemming gebruik.)

Reaksie op huishoudelike geweld: riglyne vir dominees, rabbi's, imams, priesters en ander godsdiensteleiers

MOETS en MOENIES met 'n oorlewende van huishoudelike geweld

EEN MAN KAN...

- **Haar glo.** Haar beskrywing van die geweld is net die oortjies van die seekoei.
- **Gee haar weer die versekering dat dit nie haar skuld is nie,** sy verdien nie die behandeling nie, dit is nie God se wil vir haar nie. Verseker haar van God se liefde en teenwoordigheid.
- **Gee haar verwysingsinligting** (bronne word hier onder aangegee).
- **Steun en respekteer haar keuses.** Selfs as sy bewus is van die risikos en aanvanklik verkies om na die oortreder terug te keer, is dit haar keuse.
- **Moedig haar aan om te dink oor 'n veiligheidsplan.** Dit is prakties en help haar in aanraking bly met die werklikheid van die oortreder se geweld.
- **Beskerm haar vertroulikheid.**
- **Help haar met enige godsdienstkommer.** Verduidelik dat haar maat se geweld die huweliksgelofte verbreek het en dat God nie wil hê dat sy in 'n situasie moet bly waar haar lewe en die lewens van haar kinders in gevaar is nie.
- **Steun haar** en help haar om te rou oor die verlies vir haarself en haar kinders, as sy besluit om hom te verlaat of te skei.

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan



- **Bid saam met haar.** Vra God om haar die krag en moed te gee wat sy nodig het.
- **Raadpleeg kollegas** in die breër samelewing wat dalk vernuf het en in staat is om jou by te staan met jou reaksie.

MOENIE ...

- Die gevaar vir haar afmaak nie. Jy kan 'n realiteitsbarometer wees.
- Vir haar sê wat sy moet doen nie. Gee inligting en steun.
- Met ongeloof, afgryse of woede reageer op wat sy jou vertel nie.
- Haar die skuld gee vir sy geweld nie. "Daar is geen verskoning vir mishandeling nie."
- Pareberading, "huweliksverryking" "mediasie" of 'n "kommunikasieslypskool" aanbeveel nie.
- Haar huistoe stuur net met 'n gebed en 'n opdrag om onderdanig te wees aan haar man, hom na die aanbiddingsplek te bring of 'n beter gelowige vrou te wees nie.
- Haar aanmoedig om hom te vergewe en hom terug te neem nie.
- Haar afhanklikheid van jou aanmoedig OF EMOSIONEEL OF SEKSUEEL BY HAAR BETROKKE RAAK NIE.
- Niks doen nie.

MOETS en MOENIES met 'n MISHANDELAAR

EEN MAN KAN...

- Hom nader, as hy in hegtenis geneem is, en jou kommer en steun vir hom uitspreek. Hom aanmoedig om verantwoordelikheid te aanvaar en iets te doen aan sy geweld.
- Spreek enige godsdienstige regverdigings aan wat die oortreder kan aanbied of vrae wat hy kan hê.
- Noem die geweld sy probleem, nie hare nie. Sê aan hom dat net hy dit kan stopsit; en dat jy gewillig is om te help.
- Verwys hom na 'n program wat spesifiek uitbuiters hanteer.
- Beoordeel hom vir selfmoord of dreigemente van geweld.
- Waarsku die slagoffer as hy spesifieke dreigemente teenoor haar maak

MOENIE ...

- Hom alleen en privaat ontmoet nie. Ontmoet in 'n openbare plek of in 'n aanbiddingsplek.
- Hom nader en hom laat weet dat jy weet van sy geweld tensy jy die slagoffer se toestemming het en sy daarvan bewus is dat jy beplan om met hom te praat nie. Jy moet seker wees dat sy veilig van hom af weg is.
- Pareberading met hom en sy maat beproef as jy daarvan bewus is dat daar geweld in die verhouding is nie.



EEN MAN KAN SY GELOOF TOON DEUR TEERHEID EN MEELEWING

Meer inligting oor waar om steun te kry is in die Diensverskaffersgids in die Een Man Kan-aksietoerusting, of besoek ons webwerf www.genderjustice.org.za/onemancan

Aangepas uit GeloofsTrust Instituut (voorheen die Sentrum vir die Voorkoming van Seksuele en Huishoudelike Geweld) Seattle, WA
www.faithtrustinstitute.org

Dié dokument maak deel uit van die Een Man Kan Aksietoerusting, 'n inisiatief van Sonke Geslagsgelykheid en die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap. Besoek vir meer inligting www.genderjustice.org.za/onemancan

